



SÊ JOU SÊ! VOORNEME OM 'N PROSES WAT DIE PLAN UITEENSIT VIR DIE OPSTEL/ WYSIGING VAN DIE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (IDP) 2027-2032 VIR DIE NUWE AMPSTERMYN AAN DIE RAAD VOOR TE LÊ

Artikel 28(2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, bepaal dat munisipaliteite die plaaslike gemeenskap moet raadpleeg oor die proses wat gevolg sal word en in die prosesplan vervat sal word, vir die beplanning, opstel, aanneming en hersiening van 'n nuwe geïntegreerde ontwikkelingsplan (IDP).

Die produk van hierdie konsultasieproses is 'n prosesplan vir die opstel van die volgende vyfjaar-IDP.

Die hoofstappe en voorgestelde tydskaal vir die prosesplan word hier onder uiteengesit.

STAP 1: TEGNIESE VOORBEREIDING EN SKAKELING

Begin na die November 2026- munisipale verkiesing

- Tegniese voorbereiding, insluitende die ontleding van die huidige vlak van ontwikkeling en behoeftes.
- Identifisering van alle voorgeskrewe planne en beplanningsvereistes ingevolge nasionale en provinsiale wetgewing.
- Gemeenskapskakeling om behoeftes en prioriteite te bepaal en uitnodiging aan die publiek om vir 'n minimum van 21 dae aan die opstel/hersiening van die IDP deel te neem. (Ons beplan 'n konsultasietydperk van langer as 21 dae om genoeg tyd oor die feesseisoen toe te laat.) - November 2026 tot Januarie 2027.
- Raadpleeg staatsliggame en ander rolspelers.

STAP 2: OPSTEL VAN DIE IDP VIR DIE NUWE AMPSTERMYN / WYSIGING VAN DIE BESTAANDE IDP

- Opstel van die IDP vir die nuwe ampstermyн / wysiging van die bestaande IDP. - Januarie 2027 tot Februarie 2027

STAP 3: OPENBARE KOMMENTAAR EN AANNEMING

- Tertafellegging van die konsep-IDP/voorgestelde wysigings in die Raad en verkryging van toestemming om die konsep-IDP/voorgestelde wysigings vir openbare kommentaar vry te stel - Maart 2027.
- Beskikbaarstelling van die konsep-IDP/voorgestelde wysigings vir 'n minimum van 21 dae vir openbare kommentaar - Maart tot April 2027.
- Oorweging van die kommentaar en aanpassing van die konsep-IDP/voorgestelde wysigings.
- Voorlegging deur die burgemeester van die konsep-IDP/voorgestelde wysigings aan die Raad vir aanneming - Mei/Junie 2027.

STAP 4: OPENBARE BEKENDMAKING VAN DIE NUWE IDP/WYSIGINGS

- Bekendmaking van die goedgekeurde IDP/wysigings aan die publiek - Junie 2027.

JAARLIKSE HERSIENING EN WYSIGINGS VAN DIE IDP

- Jaarlikse hersiening en wysiging van die IDP volgens die goedgekeurde IDP en begrotingstydskeudule.

Kommentaar, aanbevelings of insette oor die voorgestelde IDP-prosesplan kan van 25 September tot 25 Oktober 2026 op enige van die volgende maniere ingedien word:

- E-pos NTO5YR@capetown.gov.za
- Internet by www.capetown.gov.za/collaborate of www.capetown.gov.za/haveyoursay
- Skriftelike voorleggings: Afgelewer by jou naaste subraadskantoor of munisipale biblioteek

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat met gestremdhede leef of uit benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help.

Skakel 021 400 1450 of stuur 'n e-pos na Anthea.Bendie@capetown.gov.za vir hulp om jou kommentaar te laat neerskryf.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
CTA209/2026



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.